education
DEPARTMENT: EDUCATION
MPUMALANGA PROVINCE

Private Bag X 11341

**Nelspruit 1200**
**Government Boulevard**
**Riverside Park**
**Building 5**
**Mpumalanga Province**
**Republic of South Africa**

*Litiko leTemfundvo   Umnyango weFundo   Departement van Onderwys   Ndzawulo   Ya Dyondzo*

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

# MEI/JUNIE 2014

PUNTE: 100

TYD: 2 ½ uur

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**KOPIEREG VOORBEHOU: EHLANZENI STREEK**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   AFDELING A: Opstel (50 punte)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30 punte)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan- en informatiewe tekste (20 punte)

2. Beantwoord EEN vraag in elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld ‘n kopkaart of ‘n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek ‘n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd sò:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke teks soos wat dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.

10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

# AFDELING A: OPSTEL

## VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 250 – 300 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**1.1 'N VRIEND WAT JY ALTYD SAL ONTHOU**



[uit: www.google.com]


Jy het gedurende jou skoolloopbaan baie vriende gemaak. Daar is egter een vriend wat jy altyd sal onthou.

Skryf 'n **opstel** oor daardie vriend.

**[50]**

**OF**

**1.2 TYD VIR 'N NUWE BEGIN**




Jy het besluit om jou verkeerde lewe te los. Dis tyd vir 'n nuwe begin.

Skryf 'n **opstel** daaroor. **[50]**

**1.3 'N DAG SAAM MET 'N STRAATKIND**



[uit: www.google.com]


Jy het ‘n dag saam met ‘n straatkind deurgebring.

Skryf ‘n **opstel** daaroor.

**[50]**

**OF**

1.4 **As ek eers ‘n paspoort het…**




[uit: www.google.com]

Wat sal jy alles doen as jy jou paspoort het?

Skryf ‘n **opstel** daaroor.

[50]

OF

1.5 **Ouma en haar selfoon**



[uit: www.google.com]

Jou ouma is een van daardie mense wat sukkel om met ‘n selfoon te werk.

Skryf ‘n **opstel** daaroor.

[50]

OF

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ‘n opstel daaroor.

Gee vir jou skryfstuk ‘n titel.

1.6.1



[uit: www.google.com] [50]

OF

1.6.2



[uit: www.google.com] [50]

OF

1.6.3



[uit: www.google.com] [50]

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKSTE

**VRAAG 2**

- Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jy het die volgende advertensie in die koerant gelees en wil graag aansoek doen vir hierdie werk.

**KELNER OF KELNERIN**

Die pos is vanaf 01/04/2014 by *Silwer Wolk Spur* beskikbaar.

Vereistes:

- Harde werker
- Goeie kommuikasievermoëns
- Lief vir mense
- Eie vervoer

Pos jou aansoekbrief aan:

Die Bestuurder
Silwer Wolk Spur
Posbus 498
Durban
4000

Skryf ‘n **formele brief** en doen aansoek vir hierdie pos.

[30]

OF

2.2 **KOERANTBERIG**

‘n Motor is voor ‘n winkel op julle dorp gesteel.

Skyf ‘n **koerantberig** oor wat daar gebeur het.

[30]

OF

2.3 **TOESPRAAK**

Jy is die kaptein van ‘n sportspan. Jy moet jou span voor ‘n belangrike wedstryd motiveer.

Skryf jou **toespraak**.

[30]

OF

2.4 **DIALOOG**

Daar is een of meer van jou familielede oor wie niemand praat nie. Jy het besluit om jou oupa oor hierdie persoon/persone uit te vra.

Skryf die **dialoog** tussen jou en jou oupa neer.

[30]

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKSTE**
**VRAAG 3**

- Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGING**



**[uit: www.google.com]**

Jou suster gaan trou. Skryf die **inhoud** van die **uitnodigingskaartjie** vir die troue neer.

[20]

OF

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**


Jou eerste dag by 'n nuwe werk is verby. Skryf jou gedagtes oor daardie dag in jou **dagboek** neer.

[20]

OF


3.3 **POSKAART**

Jy en jou ouers is met vakansie. Daar het iets wonderliks met jou tydens hierdie vakansie gebeur. Jy kan nie wag om vir jou beste maat daarvan te vertel nie. Gebruik hierdie formaat om die nuus wat jy aan jou maat wil stuur, neer te skryf.



**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOT TOTAAL: 100**



sseblief